

# Verootmoediging en Gebed vir Gender- geweld – deur Rethie van Niekerk

---

## [Liturg 1]

### VERWELKOMING

Ons land is op baie maniere stukkend. Op maniere wat ons almal seermaak. Daarom wil ons graag vanjaar periodiek so saamkom om voor God in te tree vir die seer in ons land. Vanaand dink ons spesifiek aan sogenaamde “gender geweld”.

Dit voel asof ons elke dag nóg berigte hoor van 'n vrou of kind wat aangerand, verkrag of vermoor is. Statistieke wissel, maar daar word bereken dat daar elke vier minute 'n vrou in SA verkrag word.

Daar word bereken dat daar in Suid-Afrika elke agt ure 'n vrou vermoor word deur haar lewensmaat [intimate partner violence].

1 Kor. 12:26 sê “wanneer een lid ly, ly al die lede saam” (1 Kor. 12.26). Daarom draai ons vanaand as Liggaam van Christus na God.

## [Liturg 2]

### TOETREDE

Klaagliedere 2:18-19

*18Roep tot die Here, Sion,*

*laat jou trane in strome vloei,*

*dag en nag,*

*moet jou nie rus gun nie,*

*moenie dat jou oë verligting kry nie.*

*19Staan dwarsdeur die nag op en roep,*

*stort voor die Here jou hart uit*

*soos water,*

*strek jou hande uit,*

*en bid om die lewe van jou kinders,*

*hulle wat van honger beswyk*

*op die hoeke van die strate.*

**Gebed**

Heilige Heer, ons draai na U in hierdie Lydenstyd, die tyd van nadenke oor u lyding. Terwyl ons u lyding oordink, maak ook ons harte oop vir die pyn van onderdrukte tussen ons, veral vroue en kinders. Terwyl ons hul lot onthou en deel, help ons om aktiewe deelnemers te wees aan u missie van geregtigheid, medelye en versoening. In die Naam van die Een wat was, is en weer kom. Amen. (Amande Akes)

**Lied 526** Waar daar liefde is (2x)

**[Liturg 3]****Psalm 143 (Responsories)**

*Voorganger: Hoor my gebed, Here, luister tog na my smeking. U is getrou en regverdig, antwoord my tog! 2Moet tog nie 'n regsak teen my begin nie, want niemand wat leef, is voor U onskuldig nie!*

Gemeente: 3'n Vyand vervolg my, hy trap my in die grond, hy hou my gevange in die donker. Ek is soos iemand wat lankal dood is. 4Ek het alle moed verloor, ek is verslae.

*V: 5Ek dink aan die verre verlede, ek peins oor alles wat U gedoen het en oor die werk van u hande dink ek na. 6Ek strek my hande uit in gebed na U toe, ek is voor U soos 'n uitgedorde land.*

G: 7Antwoord my tog gou, Here, ek is heeltemal gedaan. Moet tog nie van my af wegkyk dat ek word soos dié wat sterwe nie. 8Laat my elke môre u liefde ondervind, want in u stel ek my vertrou. Wys my die pad wat ek moet loop, want my hoop is op U gevestig.

*V: 9Red my van my vyande, Here, want by U skuil ek.*

G: 10Leer my om u wil te doen, want U is my God! Laat u goeie Gees my op 'n gelyk pad lei.

V: 11Ter wille van u Naam, Here, laat my lewe. U is regverdig, red my uit die nood.

G: 12Vernietig in u trou my vyande, laat al my teëstanders omkom, want ek is u dienaar.

## **GEBED**

**[Liturg 4] Ons bid vir die veiligheid van elke vrou en kind in ons land, dat hulle vry kan beweeg in hul huise en in die openbaar, sonder om bang te wees.**

- Stil gebed
  - Lied 278 Hoor ons bid, o Heer (sonder amen)

**[Liturg 5] Ons bid vir alle gelowige mans, dat hulle Christus se omgee-liefde sal beliggaam; dat hulle nooit 'n hand teen enige vrou sal lig nie, maar vroue sal respekteer as mede-lede Christus se liggaam.**

- Stil gebed
  - Lied 278 Hoor ons bid, o Heer (sonder amen)

**[Liturg 1] Ons bid vir elke oorlewende van seksuele en huishoudelike geweld. Mag hulle genees word, fisies en emosioneel.**

- Stil gebed
  - Lied 278 Hoor ons bid, o Heer (sonder amen)

**[Liturg 2] Ons bid vir die Kerk, dat ons die oorlewendes van seksuele geweld liefdevol sal versorg en saam met hulle sal staan teen alle magte wat hulle wil stilmaak of beskaam.**

- Stil gebed
  - Lied 278 Hoor ons bid, o Heer (sonder amen)

**[Liturg 5] Ons bid vir die mans wat hierdie gruwelike misdade pleeg, dat God hulle sal vergewe, maar ook dat reg en geregtigheid sal geskied.**

- Stil gebed
  - Lied 278 Hoor ons bid, o Heer (sonder amen)

**[Liturg 4] Ons bid vir die regering, dat hulle hierdie misdade sal sien vir die gruweldade wat dit is en dat hulle sal werk om 'n veilige, regverdige samelewing te vestig.**

- Stil gebed
  - Lied 278 Hoor ons bid, o Heer (met amen)

**[Liturg 1]**

**NAGMAAL**

Die Here Jesus het gekom om  
dié te soek wat weggeraak het,  
dié terug te bring wat weggedwaal het,  
die wonde te versorg van dié wat seergekry het,  
en om die swakkes te help.  
(Esegel 34:16)

Kom ons dank hom vir sy oneindige liefde:  
Here God, U maak alles nuut.  
Ons dank u dat u na ons toe gekom het,  
Een van ons geword het.  
Dankie dat U ons skande en ons pyn gedra het  
En so vir ons die weg na die lewe oopgemaak het.

Jesus het vir ons 'n sakrament gegee  
Om ons te herinner aan sy liefde,  
Om ons in sy genade in te nooi  
En om vir te genees en te vernuwe.

Daarom onthou ons (1 Kor 11:23-25):

**Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem  
24en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê:  
"Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis."**

**25Net so ook het Hy ná die maaltyd die beker geneem en gesê:  
"Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is.  
Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis."**

---

Ons onthou vanaand,  
Te midde van ons omstandighede vandag,  
Jesus se offer  
Wat ons heel maak.

**[Liturg 3 en 4]**

Die wat brood en wyn uitdeel, gee dit vir mekaar. Daarna word almal genooi om vorentoe te kom en die tekens te ontvang met die woorde:

*Die Liggaam van Christus is vir jou gebreek.*

*Die Bloed van Christus het vir jou gevloei.*

**[Liturg 5]****GEBED**

Almal bid saam Onse Vader

**WEGSENDING**

Lied 269:1 & 4 (vervang "u" met "ons")

**[Liturg 4]****SEËNGEBED**

*Here, ons bid*

*dat u ons sal seën*

*en sal beskerm;*

*dat u tot ons redding sal verskyn*

*en ons genadig sal wees*

*dat u ons gebede sal verhoor*

*en aan ons verde sal gee.*

*Amen*